**GRAAD 12 AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL VRAESTELLE VIR HERSIENING**
**AFDELING C - TAAL**

## TEKS 1

**AFDELING C: TAAL**

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

**TEKS D**

- Die taalvrae wat volg, is op die onderstaande advertensie gebaseer.
- Die nommering in die advertensie verwys na die vraagnommer wat beantwoord moet word.
- Opsetlike taalfoute kom voor.




**SO, JY HET GEDINK DIS NET 'N *TOWNSHIP*-PROBLEEM?**

As 'n mens dink dat elektrisiteitsdiefstal net in *townships* plaasvind, moet (3.3) ('n mens) weer dink. Dit vind orals plaas, selfs in (3.4) (ryk) voorstede.

Diefstal lei tot hoër elektrisiteitspryse.
Dit het ook 'n (3.5) (negatief) effek op ons ekonomie.

**Dit is tyd om NEE te sê vir onwettige elektrisiteitsverbruik!**
**Laat Suid-Afrika van krag tot** (3.6) **(...) gaan!**
SMS 32211.
Rapporteer elektrisiteitsdiefstal nou!
(3.7) (...) 'n SMS aan Operasie Khanyisa.
Die krag is in jou hande.

OPERASIE KHANYISA

[Verwerk uit: *Huisgenoot*, Desember 2010]

3.1 Noem TWEE maniere waarop die adverteerder "gevaar" beklemtoon. (2)

3.2 "So, jy het gedink ...?"

Waarom is dit effektief dat die adverteerder die woord "jy" gebruik? (1)

3.3 Vervang die woorde tussen hakies met die korrekte VOORNAAMWOORD.

As 'n mens dink dat elektrisiteitsdiefstal net in townships plaasvind, moet ('n mens) weer dink. (1)

3.4 Gee die INTENSIEWE VORM van die vetgedrukte woord.

Dit gebeur orals, selfs in **ryk** voorstede. (1)

3.5 Gee die KORREKTE VORM van die woord tussen hakies.

Dit het ook 'n (negatief) effek op ons ekonomie. (1)

3.6 Kies die antwoord wat die idioom KORREK sal voltooi.

Laat Suid-Afrika van krag tot ... gaan!

A sterkte
B aksie
C mag
D krag (1)

3.7 Voltooi die onderstaande sin met die ontbrekende WERKWOORD.

... 'n SMS aan Operasie Khanyisa. (1)

3.8 "Die krag is in jou hande."

Wat is die DENOTATIEWE betekenis van die woord "krag" in die konteks van die advertensie? (1)

3.9 Sal hierdie advertensie jou beïnvloed om tot aksie oor te gaan? Motiveer jou antwoord. (1)
**[10]**

**VRAAG 4: STROKIESPRENT**

**TEKS E**

- Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprent hieronder gebaseer.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

**Oubaas se Honne en Kasper** deur Marthinus en Theuns Kirsten

Raampie 1 Raampie 2 Raampie 3




[Verwerk uit: *Huisgenoot*, 21 November 2013]

4.1 Kies die antwoord wat die sin KORREK sal voltooi.

Die woorde "per ongeluk" word tussen aanhalingstekens geskryf, omdat ...

A die kat die woorde sagter sê.
B dit die kat se direkte woorde is.
C die kat die woorde anders bedoel.
D die kat iemand anders se woorde aanhaal. (1)

4.2 Die woord **kies** (raampie 1) beteken "aan die binnekant van jou mond".

Gebruik die HOMONIEM van **kies** in 'n volsin sodat dit 'n ander betekenis het. (1)

4.3 Wat word oor die vorige kat geïmpliseer? (1)

4.4 Watter aanduiding is daar in raampie 2 dat die kat geskrik het? (1)

4.5 Skryf die volgende sin in die INDIREKTE REDE.

Die hond sê: "Jy sal net soos die vorige kat verdwyn!"
Begin jou antwoord só: Die hond sê vir die mannetjiekat dat ... (2)

4.6 Voltooi die ontbrekende woord deur die ANTONIEM van die vetgedrukte woord te gee.

In raampie 1 kyk die kat **regs** na die hond, maar in raampie 3 kyk hy ... na die eend. (1)

4.7 Hoe word die kat se woorde in raampie 3 beklemtoon? (1)

4.8 Hoe weet jy dat die eendjies in raampie 1 en 2 nie stilstaan nie? (1)

4.9 Waarom pas die IDIOOM "om soos kat en hond te lewe" nie by hierdie strokieskarakters nie? (1)
**[10]**

## VRAAG 5: ARTIKEL EN PRENT

### 5.1 TEKS F

- Die taalvrae wat volg, is op die artikel hieronder gebaseer.
- Opsetlike taalfoute kom voor.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

**DIE RENOSTERMEISIE**

In Junie 2013 (5.1.1) is mejuffrou Amina Patel deur Rhino SA as die Rhino Kampioen gekies. (5.1.2) Sy was toe net 15 jaar oud. (5.1.3) Amina sê dat sy die renostermeisie by die skool is. Sy is ook die voorsitster van die skool se Natuurklub. Sy knip gereeld prente van renosters uit en wys dit vir haar (5.1.4) onderwyser.

(5.1.5) "Daar moet renosters in die toekoms wees. (5.1.6) Dit is wereldwyd die jeug se plig om renosters te probeer red. (5.1.7) Renosters kan self praat. Ek het al foto's gesien waar renosterhorings afgesny is. (5.1.8) 'n Bloeiende renoster maak my hartseer."

Amina is deel van Rhino SA se brieweveldtog wat deur 'n (5.1.9) (Amerika) begin is. Kinders van alle lande word aangemoedig om aan die president te skryf.

(5.1.10) Amina het vir die eerste keer 'n renoster gesien. Sy was twee jaar oud. (5.1.11) Haar gesin het dikwels die Krugerwildtuin besoek. (5.1.12) Sy het onmiddellik gedink renosters is oulike diere.

"Ek praat gereeld by skole om kinders meer van dié wonderlike diere te vertel. Ek beskou renosters as my spesiale vriende. My boodskap aan Suid-Afrikaners? Praat met mense wat vir renosters omgee. Ons kan saam die probleem (5.1.13) …"

[Verwerk uit: *Huisgenoot*, 17 Oktober 2013]

5.1.1 Skryf die AFKORTING van die vetgedrukte woord.

In Junie 2013 is **mejuffrou** Amina Patel deur Rhino SA as die Rhino Kampioen gekies. (1)

5.1.2 Skryf die vetgedrukte getal as 'n WOORD neer.

Sy was toe net **15** jaar oud. (1)

5.1.3 Skryf die sin oor in die DIREKTE REDE.

Amina sê dat sy die renostermeisie by die skool is. (2)

5.1.4 Gee die TEENOORGESTELDE GESLAG van die vetgedrukte woord.

Sy knip gereeld prente van renosters uit en wys dit vir haar **onderwyser**. (1)

5.1.5 Skryf die sin oor in die INFINITIEF.

Daar moet renosters in die toekoms wees.
Begin die sin só: Daar BEHOORT … (1)

5.1.6 Verbeter die SPELFOUT in die onderstaande sin.

Dit is wereldwyd die jeug se plig om renosters te probeer red. (1)

5.1.7 Skryf die sin oor in die ONTKENNENDE VORM.

Renosters kan self praat. (1)

5.1.8 Skryf die sin oor in die VERLEDE TYD.

'n Bloeiende renoster maak my hartseer. (1)

5.1.9 Vorm 'n PERSOONSNAAM van die vetgedrukte woord.

Ek is deel van Rhino SA se brieweveldtog wat deur 'n **Amerika** begin is. (1)

5.1.10 Verbind die sinne met die VOEGWOORD tussen hakies.

Amina het vir die eerste keer 'n renoster gesien. Sy was twee jaar oud. (toe)
Begin die sin só: Amina het vir die eerste keer 'n renoster gesien toe … (1)

5.1.11 Skryf die sin oor in die LYDENDE/PASSIEWE vorm.

Haar gesin het dikwels die Krugerwildtuin besoek. (1)

5.1.12 Skryf die volgende sin oor en begin die sin met die vetgedrukte woord.

Sy het **onmiddellik** gedink renosters is oulike diere. (1)

5.1.13 Kies die antwoord wat die sin KORREK sal voltooi.

Ons kan saam die probleem …

A skep.
B oplos.
C ignoreer.
D vererger. (1)

5.2 **TEKS G**

Die taalvrae wat volg, is op die onderstaande prent gebaseer.



"Tot siens, Skat. Ek ry nou. Wat maak jy vir aandete?"

[Verwerk uit: www.google.com]

Gebruik die woorde in die lys hieronder om die sinne (5.2.1–5.2.6) te voltooi.

| |
|---|
| voorgrond; besem; stofsuier; inspuiting; stoom; rook; agtergrond; spuitkannetjie; vadoek; verestoffer; grassnyer; voorskoot |

5.2.1 Die ... om die man se lyf wys dat hy die huis gaan skoonmaak. (1)

5.2.2 Aan die man se lyfband hang 'n ... waarmee hy die meubels gaan afstof. (1)

5.2.3 Die man stoot die ... met sy regterhand. (1)

5.2.4 Die man hou 'n ... in sy linkerhand vas. (1)

5.2.5 Daar trek ... uit die koppie koffie in die vrou se hand. (1)

5.2.6 Die vrou staan in die ... van die prent. (1)
**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 80**

## TEKS 2

**AFDELING C: TAAL**

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

**TEKS D**

- Die taalvrae wat volg, is op die onderstaande advertensie gebaseer.
- Die nommering in die advertensie verwys na die vraagnommer wat beantwoord moet word.
- Opsetlike taalfoute kom voor.

**LADISMITH BOTTER – ALMAL SE KEUSE**



Die **Ladismith botterfamilie** is daarop gerig om iets spesiaals te hê vir almal se smaak.
MA, wat soos alle ma's daagliks die kos maak, gebruik die **Ladismitter Kultuurbotter** om (3.2) (Ma se) kos daardie ekstra geur te gee.
PA verkies regte botter; daarom is **Ladismith Botter** die beste botter vir hom.
OUBOET en KLEINSUS verkies die **Ladismith Smeerbotter** omdat dit die (3.5) (heerlik) smaak.

(3.6) Wat ook al jou smaak, **Ladismith** het net die botter vir jou?

**Ons Ladismith botterfamilie bied iets vir almal se smaak.**

*Ladismith*

***Nou beskikbaar by eksklusiewe supermarkte.***

**WENNER VAN DIE QUALITÉ-TOEKENNING 2014**

[Verwerk uit: *Huisgenoot*, 19 September 2013]

3.1 Waarom is die woorde: "LADISMITH BOTTER – ALMAL SE KEUSE" in groot hoofletters geskryf? (1)

3.2 Vervang die woorde tussen hakies met die korrekte VOORNAAMWOORD.

Ma, wat soos alle ma's daagliks die kos maak, gebruik die Ladismitter Kultuurbotter om (Ma se) kos daardie ekstra geur te gee. (1)

3.3 Op watter manier word ma's in hierdie advertensie gestereotipeer? (1)

3.4 Kies die antwoord wat die sin KORREK voltooi.

Die woord, … , dui aan dat die produk nie by alle winkels te koop is nie.

A "regte"
B "qualité"
C "spesiaals"
D "eksklusiewe" (1)

3.5 Gee die OORTREFFENDE TRAP van die woord tussen hakies:

Ouboet en Kleinsus verkies die Ladismith Smeerbotter omdat dit die (heerlik) smaak. (1)

3.6 Skryf die volgende sin oor en verbeter die LEESTEKENFOUT:

Wat ook al jou smaak, Ladismith het net die botter vir jou? (1)

3.7 Die "TROTS SUID-AFRIKAANS"-logo verskyn links onder in die advertensie.

Op watter manier word Suid-Afrikaners met hierdie logo gemanipuleer? (1)

3.8 Waarom dink jy word die inligting "Wenner van die Qualité-toekenning" in die advertensie ingesluit? (1)

3.9 Verwys na die prent in die advertensie.

3.9.1 Waarom plaas die adverteerder die botter in die **voorgrond**? (1)

3.9.2 Hoe skep die adverteerder die indruk dat mense wat hierdie botter gebruik, gelukkig is? (1)

**[10]**

**VRAAG 4: STROKIESPRENT**

**TEKS E**

- Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprent hieronder gebaseer.
- Opsetlike taalfoute kom voor.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

**NEELSIE** deur Danie Cronjé




[Verwerk uit: www.daniecronje.co.za]

4.1 Verbeter die woordorde in die volgende sin. Skryf die sin volledig uit.

Jako en ek het 95% vir ons Wiskundetoets gekry! (1)

4.2 Verwys na raampie 1.

4.2.1 Hoe weet jy dat Neelsie die woorde "95%" hard sê? (1)

4.2.2 Watter leesteken wys dat Neelsie sy woorde beklemtoon? (1)

4.3 Watter VOORNAAMWOORD dui aan dat Neelsie en Jako albei die Wiskundetoets geskryf het? (1)

4.4 Watter indruk probeer Neelsie in verband met sy EIE punte in die Wiskundetoets skep? (Raampie 1) (1)

4.5 Kies die antwoord wat die sin KORREK sal voltooi.

Met die woord "ongelooflik" in raampie 2 sê die pa dat hy …

A nie gewoond is aan sulke punte nie.
B nie verbaas is oor sulke punte nie.
C teleurgesteld is met sulke punte.
D woedend is oor sulke punte. (1)

4.6 Noem TWEE maniere waarop die pa se gesigsuitdrukking sy woorde ondersteun. (Raampie 2) (2)

4.7 Vervang die woord "Oraait" in raampie 3 met 'n goeie Afrikaanse woord met dieselfde betekenis. (1)

4.8 Gee 'n sinoniem vir die woord "gekry" in raampie 3. (1)

**[10]**

**VRAAG 5: ARTIKEL EN PRENT**

5.1 **TEKS F**

- Die taalvrae wat volg, is op die artikel hieronder gebaseer.
- Opsetlike taalfoute kom voor.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

## GOEIE MANIERE

(5.1.1) "Goeie maniere is belangrik," sê Ouma. (5.1.2) Is jou ouma altyd reg?

Het jy al ooit soos 'n (5.1.3) wurm gevoel? Jy daag met leë hande by 'n (5.1.4) (werk+partytjie) op. (5.1.5) Al die ander kry die boodskap dat hulle iets moet saambring. Domkop! (5.1.6) Daar was 'n boodskap. Die ander gaste het goeie maniere gehad. Met Anna Musson, kenner van goeie maniere, se wenke kan jy jou maniere verbeter.

***By 'n formele ete***

Vra altyd wat jy kan saambring. Dit is goeie maniere vir die gasvrou om te sê: "Niks nie." Anna sê: "'n Goeie (5.1.7) gas moet iets saamneem." (5.1.8) 'n Gasvrou verwelkom altyd sjokolade.

***RSVP***

RSVP beteken "antwoord asseblief". Dis nie goeie maniere om mense aan (5.1.9) 'n lyntjie te hou nie.

***Tafelmaniere***

Daar is niks ergers as 'n (5.1.10) ongemanierd mens aan tafel nie. Die ander groot fout is om lang (5.1.11) telefoongesprek aan tafel te voer.

***Wegbly***

Wegbly is die maklikste manier om (5.1.12) seker te maak dat mense jou nie weer sal nooi nie. (5.1.13) Dit is die beste om dadelik te bel. Jy kan om verskoning vra.

[Verwerk uit: *Huisgenoot*, 17 Oktober 2013]

5.1.1 Skryf die volgende sin in die INDIREKTE REDE.

"Goeie maniere is belangrik," sê Ouma.
Begin met: Ouma sê dat … (1)

5.1.2 Verander die VRAAGSIN na 'n STELSIN.

Is jou ouma altyd reg? (1)

5.1.3 Gee die VERKLEININGSVORM vir die vetgedrukte woord in die volgende sin.

Het jy al ooit soos 'n **wurm** gevoel? (1)

5.1.4 Vorm 'n SAMESTELLING van die woord tussen hakies.

Jy daag met leë hande by 'n (werk + partytjie) op. (1)

5.1.5 Skryf die sin oor in die VERLEDE TYD.

Al die ander kry die boodskap dat hulle iets moet saambring. (2)

5.1.6 Skryf die sin oor in die ONTKENNENDE VORM.

Daar was 'n boodskap. (1)

5.1.7 'n Goeie **gas** sal altyd iets saamneem.

Gebruik die HOMONIEM van **gas** in 'n sin sodat die betekenis duidelik blyk. (1)

5.1.8 Skryf die volgende sin in die LYDENDE VORM.

'n Gasvrou verwelkom altyd sjokolade. (1)

5.1.9 Kies die antwoord wat die sin KORREK sal voltooi.

Om iemand "aan 'n lyntjie te hou" beteken om …

A wasgoed vir iemand op te hang.
B iemand met wie jy oor die telefoon praat, te laat wag.
C iemand rond te lei.
D iemand in onsekerheid te hou. (1)

5.1.10 Gee die KORREKTE VORM van die vetgedrukte woord.

Daar is niks ergers as 'n **ongemanierd** mens aan tafel nie. (1)

5.1.11 Gee die MEERVOUD van die vetgedrukte woord.

Die ander groot fout is om lang **telefoongesprek** aan tafel te voer. (1)

5.1.12 Gee die INTENSIEWE vorm van die vetgedrukte woord.

Wegbly is die maklikste manier om **seker** te maak dat mense jou nie weer sal nooi nie. (1)


5.1.13 Verbind die volgende twee sinne met die VOEGWOORD tussen hakies.

Dit is die beste om dadelik te bel. Jy kan om verskoning vra. (sodat)
Begin met: Dit is die beste om dadelik te bel sodat … (1)

## 5.2 TEKS G

Die taalvrae wat volg, is op die onderstaande prent gebaseer.

### NOODGEVAL!



[Verwerk uit: *Die Burger*, 11 Junie 2013]

Gebruik die woorde in die lys hieronder om die sinne (5.2.1–5.2.6) te voltooi.

| |
|---|
| mombakkies; pasiënt; portier; gehoorbuis; koppenent; kruisie; tydskrif; sterretjie; koerant; masker; stetoskoop; voetenent |

5.2.1 Die verpleegster met die ligte hare kyk weg van die … af. (1)

5.2.2 Die man op die bed noem ons die … (1)

| | | |
|---|---|---|
| 5.2.3 | Die embleem op die verpleërs se moue is 'n … | (1) |
| 5.2.4 | Die verpleër aan die … van die bed dra 'n bril. | (1) |
| 5.2.5 | Die verpleër naby die deur is die enigste een wat 'n … dra. | (1) |
| 5.2.6 | Die dokter se … hang bo-oor die kombers. | (1)<br>**[20]** |

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 80**

**TEKS 3**


**AFDELING C: TAAL**

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

**TEKS D**

- Die taalvrae wat volg, is op die advertensie hieronder gebaseer.
- Die nommering in die advertensie verwys na die nommer van die vraag wat beantwoord moet word.
- Opsetlike taalfoute kom voor.


**BEACON LIQUORICE ALLSORTS**



(3.3) ***Dit neem ALLE SOORTE om Suid-Afrika te bou!***

Wanneer jy aan liquorice dink, dink jy aan *Beacon Allsorts*.
Dis omdat ons die nommer EEN, smaaklikste liquorice
in **Suid-Afrika** is!

Oud of jonk, 'n mens het (3.5) … gunstelingkleur, -vorm
-grootte, -tekstuur en -geur.




*Beacon Allsorts* bied die beste
pret-eet-ervaring met 'n hele reeks lekkers.

(3.6) … navraag by eksklusiewe winkels.

(3.7) **LEKKER**
**LEKKERDER**
**LIQUORICE**

[Verwerk uit www.beaconallsorts.co.za]

3.1 Wie is die adverteerder? (1)

3.2 In hierdie advertensie is Suid-Afrikaners die teikengroep.

Hoe beklemtoon die advertensie dit? (1)

3.3 Die sin "Dit neem ALLE SOORTE om Suid-Afrika te bou!" is dubbelsinnig.

Noem TWEE betekenisse van die adverteerder se woorde "ALLE SOORTE". (2)

3.4 Noem TWEE tegnieke waarmee die adverteerder jou probeer oortuig om die produk te koop. (2)

3.5 Voltooi die onderstaande sin met die ontbrekende VOORNAAMWOORD.

Oud of jonk, 'n mens het … gunstelingkleur, -vorm, -grootte, -tekstuur en -geur. (1)

3.6 Kies die antwoord wat die sin KORREK sal voltooi. Skryf net die vraagnommer (3.6) en die antwoord (A–D) neer, byvoorbeeld 3.6 E.

... navraag by eksklusiewe winkels.

A Doen
B Maak
C Vra
D Bespreek (1)

3.7 Verwys na die trappe van vergelyking "LEKKER – LEKKERDER – LIQUORICE".

3.7.1 Vervang "LIQUORICE" met die korrekte OORTREFFENDE TRAP van "lekker". (1)

3.7.2 Watter idee skep die adverteerder met hulle trappe van vergelyking "LEKKER – LEKKERDER – LIQUORICE"? (1)

**[10]**

**AFDELING C: TAAL**

**VRAAG 4: STROKIESPRENT**

**TEKS E**

- Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprent hieronder gebaseer.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

**GARFIELD**

**Raampie 1** **Raampie 2**




[Verwerk uit: www.garfield.com]

| | | | |
|---|---|---|---|
| 4.1 | Wat is die funksie van die ellips in raampie 1? | | (1) |
| 4.2 | "Haai, my hoofpyn is weg." (Raampie 1) | | |
| | Gebruik die HOMONIEM van "Haai" in 'n volsin. | | (1) |
| 4.3 | Verwys na raampie 2. | | |
| | 4.3.1 | Noem TWEE tekens wat wys dat die man moedeloos is. | (2) |
| | 4.3.2 | Skryf "EK'S" volledig uit. | (1) |
| | 4.3.3 | Op watter TWEE maniere word Garfield se woorde beklemtoon? | (2) |
| 4.4 | Wat impliseer Garfield se woorde in raampie 2? | | (1) |
| 4.5 | Hoe weet jy dat Garfield se stert swaai? | | (1) |

4.6 Kies die woord wat die volgende stelling KORREK sal voltooi. Skryf net die vraagnommer (4.6) en die antwoord (A–D) neer, byvoorbeeld 4.6 E.

Garfield se woorde (raampie 2) maak die man se woorde (raampie 1) vir die leser …

A komies.
B tragies.
C realisties.
D romanties. (1)

**[10]**

**VRAAG 5: ARTIKEL EN PRENT**

**TEKS F**

- Die taalvrae wat volg, is op die artikel hieronder gebaseer.
- Opsetlike taalfoute kom voor.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

(5.1.1) **DIE KOEKSISTER IS TROTS SUID-AFRIKAANS**



**Die Suid-Afrikaanse koeksister**



**Die Indiese jalebi**

[Uit: www.google.com]

(5.1.2) Koeksisters is 'n Suid-Afrikaanse lekkerny. (5.1.3) 'n Smullekkersmaak kry jy in elke happie!

(5.1.4) Orals waar jy gaan, sal jy koeksisters kry. Dit verskyn op (5.1.5) (spyskaart) in restaurante. (5.1.6) Jy koop dit by kettingwinkels. (5.1.7) Dit is selfs gewild by meisiesskole.

Die basiswoord van koeksister is "koek". "Sister" verwys na die twee of drie repies deeg wat gevleg word om die koeksister te vorm. (5.1.8) Sister verwys ook na die sisgeluid wat die koeksister maak. Jy week dit in koue stroop. (5.1.9) Jy moet dit eers in warm olie bak. Dit is soet, stroperig, bros buite en sag binne. (5.1.10) Baie mense sê: "Koeksisters is deel van die Suid-Afrikaanse tradisie."

(5.1.11) Die Maleiers, wat as slawe hierheen gekom het het die koesister Suid-Afrika toe gebring. Die Maleise koesister, wat anders as die koeksister is, is oliebolvormig, geurig, in stroop gedoop en word in klapper gerol. Dit is soos die Indiese *jalebi* of *gulab jamun* wat in stroop geweek word. Die Kaapse Maleiers geniet elke (5.1.12) Sondag koesisters saam met 'n koppie tee.

Koeksisters is 'n heerlike nagereg om by spesiale geleenthede en feeste te bedien. Betsie Verwoerd het ook koeksisters aan mnr. Mandela bedien kort na sy (5.1.13) (vrylaat). (5.1.14) Dit was 'n geskikte manier om die ys te breek.

[Verwerk uit www.africhef.com]

5.1.1 Verander die STELSIN na 'n VRAAGSIN.

Die koeksister is trots Suid-Afrikaans. (1)

5.1.2 Skryf die ADJEKTIEF in die sin neer.

Koeksisters is 'n Suid-Afrikaanse lekkerny. (1)

5.1.3 Rangskik die woorde in die sin hieronder en begin met die ONDERWERP van die sin wat onderstreep is.

'n Smullekkersmaak kry <u>jy</u> in elke happie! (1)

5.1.4 Skryf die volgende sin oor en begin met die onderstreepte HOOFSIN.

Orals waar jy gaan, <u>sal jy koeksisters kry</u>. (1)

5.1.5 Gee die MEERVOUD van die vetgedrukte woord.

Dit verskyn op **spyskaart** in restaurante. (1)

5.1.6 Waarna verwys die persoonlike voornaamwoord **dit** in die volgende sin? Skryf slegs die EEN woord neer.

Jy koop **dit** by kettingwinkels. (1)

5.1.7 Skryf die woord wat verkeerd gespel is, korrek oor.

Dit is selfs gewild by meisiesskole. (1)

5.1.8 Verbind die twee sinne met die VOEGWOORD tussen hakies.

Sister verwys ook na die sisgeluid wat die koeksister maak. Jy week dit in koue stroop. (terwyl)

Begin die sin só: Sister verwys ook na die sisgeluid wat die koeksister maak terwyl … (1)

5.1.9 Skryf die volgende sin oor in die INFINITIEF.

Jy moet dit eers in warm olie bak.

Skryf die hele sin oor en begin só: Jy behoort … (1)

5.1.10 Skryf die sin oor in die INDIREKTE REDE.

Baie mense sê: "Koeksisters is deel van die Suid-Afrikaanse tradisie."

Begin só: Baie mense sê dat … (1)

5.1.11 Skryf die sin oor en vul die ontbrekende LEESTEKEN in.

Die Maleiers, wat as slawe hierheen gekom het het die koesister Suid-Afrika toe gebring. (1)

5.1.12 Skryf die AFKORTING van die vetgedrukte woord neer.

Die Kaapse Maleiers geniet elke **Sondag** koesisters saam met 'n koppie tee. (1)

5.1.13 Gee die KORREKTE VORM van die woord tussen hakies.

Betsie Verwoerd het ook koeksisters aan mnr. Mandela bedien kort na sy (vrylaat). (1)

5.1.14 Kies die antwoord wat die volgende sin KORREK sal voltooi. Skryf net die vraagnommer (5.1.14) en die antwoord (A–D) neer, byvoorbeeld 5.1.14 E.

"Dit was 'n geskikte manier om die ys te breek." In hierdie konteks beteken die uitdrukking "om die ys te breek", om …

A ys in stukkies te breek.
B iets gevaarliks te doen.
C ongemaklik te voel.
D 'n moeilike situasie op te los. (1)

5.2 **TEKS G**

- Die taalvrae wat volg, is op die gesprek hieronder gebaseer.
- Opsetlike taalfoute kom voor.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.




[Verwerk uit *Huisgenoot*, 4 September 2014]

Rosslyn Bernard, die kassiere, praat met mev. Emily Jones wat die winkel vir die eerste keer besoek.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Rosslyn: | Goeiemôre, Mevrou. Is dit die eerste keer dat (5.2.1) (u/jy) ons winkel besoek? | 5.2.1 | Kies die korrekte VOORNAAMWOORD. | (1) |
| Emily: | Ja, ek moet (5.2.2) (erken/herken) ek voel nog baie vreemd hier. | 5.2.2 | Kies die korrekte WERKWOORD. | (1) |
| Rosslyn: | Mevrou, ons winkel se goedkoop (5.2.3) (pryse/koste) sal enigiemand laat tuis voel. | 5.2.3 | Kies die korrekte SELFSTANDIGE NAAMWOORD. | (1) |
| Emily: | Ek stem saam. Jy weet, deesdae is (5.2.4) (suiker, tee, meel, tamatiesous en rys) vreeslik duur, maar 'n mens moet eet. | 5.2.4 | Gee EEN woord vir die woorde tussen hakies. | (1) |
| | (5.2.5) (Die meer ek probeer spaar, die duurder word die items.) | 5.2.5 | Verbeter die sin. Begin jou antwoord só: Hoe … | (1) |
| Rosslyn: | (5.2.6) (Ai/Aitsa) Mevrou, ek is regtig jammer om dit te hoor. | 5.2.6 | Kies die korrekte UITROEP. | (1) |

**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 80**

## TEKS 4

**AFDELING C: TAAL**

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

- Die taalvrae wat volg, is op die onderstaande advertensie gebaseer.
- Opsetlike taalfoute kom voor.

**TEKS D**

# Die terugkeer van allergieë



**Dit skuil onsigbaar in tuine en blomme ...**
**Dit kruip in die winter weg en wag vir die lente ...**

Sê koebaai vir hooikoors. Asook ander ongemaklike (allergie) reaksies.

Geniet die lewe sonder om te nies en te **k r a p!**

Vra jou apteker vir die handelsnaam wat

***allergieë*** ***weghou!***



**DR. REDDY**

**se allergiepille**

Net die regte (kies) vir hooikoors.
Die beste opsie vir oud en jonk.

[Verwerk uit: *Huisgenoot*, 19 September 2013]

3.1 Wie is die teikengroep van hierdie advertensie? (1)

3.2 Hoekom sien die leser die woorde "Die terugkeer van allergieë" dadelik raak? (1)

3.3 Hoe laat die woorde "skuil onsigbaar" die leser voel? (1)

3.4 Kies die antwoord wat die sin KORREK sal voltooi. Skryf net die vraagnommer (3.4) en die antwoord (A–D) neer, byvoorbeeld 3.4 E.

Dit kruip in die winter weg en wag vir die lente ...
Die funksie van die beletselteken in die sin hierbo is om ...

A emosie uit te druk.
B die "Dit" te verduidelik.
C die allergieë te beklemtoon.
D tydsverloop aan te dui. (1)

3.5 Gee 'n SINONIEM vir "koebaai". (1)

3.6 Gee die KORREKTE VORM van die woord tussen hakies.

Asook ander ongemaklik (allergie) reaksies. (1)

3.7 Na watter handelsnaam verwys die advertensie? (1)

3.8 Hoekom word "allergieë" en "weghou" so ver uitmekaar geskryf? (1)

3.9 Gee die KORREKTE VORM van die woord tussen hakies.

Net die regte (kies) vir hooikoors. (1)

3.10 "Die beste opsie vir oud en jonk."

Hoe sou jy dié woorde in die advertensie kon beklemtoon? (1)
**[10]**

## VRAAG 4: STROKIESPRENT

- Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprent hieronder gebaseer.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

## TEKS E: TIM TIER EN SIMON

**Raampie 1** **Raampie 2** **Raampie 3**




[Verwerk uit: www.comics.com]

4.1 Op watter TWEE maniere word Simon se woorde in raampie 1 beklemtoon? (2)

4.2 Skryf die TWEE woorde in raampie 2 neer wat SINONIEME is. (2)

4.3 Hoe weet jy dat Simon in raampie 2 moontlik vir nog dinge wens? (1)

4.4 Kies die antwoord wat die sin KORREK sal voltooi. Skryf net die vraagnommer (4.4) en die antwoord (A–D) neer, byvoorbeeld 4.4 E.

Simon se lyftaal in raampie 2 dui aan dat hy ...

A 'n plan het.
B hartseer is.
C gefrustreerd is.
D sy werk regkry. (1)

4.5 Waaruit kan jy aflei dat Tim Tier in raampie 3 nie vir Simon hardop antwoord nie? (1)

4.6 Skryf die volgende sin in die INDIREKTE REDE.

"Hoekom moet ek vir alles werk?"
Begin jou antwoord so: Simon vra hoekom ... (2)

4.7 Wat is die funksie van die uitroepteken by Simon se woorde? (Raampie 3) (1)
**[10]**

**VRAAG 5: ARTIKEL EN PRENT**

5.1
- Die taalvrae wat volg, is op die artikel hieronder gebaseer.
- Opsetlike taalfoute kom voor.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

**TEKS F**

# Paul Adams deel sy (lewe + les)



[Uit: www.google.com]

Jy is op soek na 'n tweede kans. Paul Adams, 'n bekende krieketspeler, het 'n tweede kans gekry. Paul is vandag 'n wonderlike rol model vir kinders.

Paul Adam se lewe op die Kaapse Vlakte was moeilik. Dié oudkrieketspeler se agtergrond keer hom nie.

Hy het op 18 met sy ongewone boultegniek internasionaal beroemd geword. Maar in sy 30's het sy lewe verander. Hy was skielik (sonder werk). 'n Baba was op pad en daar was geen plan B nie. Hy het moed vir die toekoms gehad. Werk was skaars. Hy het 'n klein, administratiewe werkie by die Cape Cobras krieketspan aanvaar. Dit het tot die pos as afrigter van dié span gelei.

Paul deel 'n paar belangrike wenke ... ons.
- Jy moet altyd eerlik wees. Dis die enigste manier om respek af te dwing.
- Moenie ophou droom nie. Probleme sal jou nie onderkry nie.
- Moenie te veel van jouself dink nie. Dis soms goed om onder te begin.
- Fokus op oplossings; nie op probleme nie.
- Wees gereed vir geleenthede. Paul het alle kanse gebruik.

Paul sê dat passie vir 'n mens se werk belangrik is.

[Verwerk uit: *Huisgenoot*, 24 Oktober 2013]

5.1.1 Gee die SAMESTELLING van die woord tussen hakies.

Paul Adams deel sy (lewe + les). (1)

5.1.2 Verander die STELSIN na 'n ALGEMENE VRAAGSIN.

Jy is op soek na 'n tweede kans. (1)

5.1.3 Verbeter die SPELFOUT in die volgende sin. Skryf die korrekte spelling neer.

Paul is vandag 'n wonderlike rol model vir kinders. (1)

5.1.4 Skryf die sin oor in die VERLEDE TYD.

Dié oudkrieketspeler se agtergrond keer hom nie. (1)

5.1.5 Skryf die volgende sin oor en begin met die ONDERSTREEPTE WOORDE.

Hy het op 18 met sy ongewone boultegniek internasionaal beroemd geword. (1)

5.1.6 Gee die KORREKTE afleiding (EEN woord) vir die woorde tussen hakies.

Hy was skielik (sonder werk). (1)

5.1.7 Skryf die sin oor in die ONTKENNENDE VORM.

Hy het moed vir die toekoms gehad. (1)

5.1.8 Verbind die sinne met die VOEGWOORD tussen hakies.

Werk was skaars. Hy het 'n klein, administratiewe werkie by die Cape Cobras krieketspan aanvaar. (daarom)
Begin die sin só: Werk was skaars; daarom ... (1)

5.1.9 Gee die ontbrekende VOORSETSEL.

Paul deel 'n paar belangrike wenke ... ons. (1)

5.1.10 Skryf die sin oor in die INFINITIEF.

Jy moet altyd eerlik wees.
Begin die sin só: Jy behoort ... (1)

5.1.11 Skryf die sin oor in die TEENWOORDIGE TYD.

Probleme sal jou nie onderkry nie. (1)

5.1.12 Skryf die sin oor in die LYDENDE VORM/PASSIEWE VORM.

Paul het alle kanse gebruik. (1)

5.1.13 Skryf die sin oor in die DIREKTE REDE.

Paul sê dat passie vir 'n mens se werk belangrik is. (2)

5.2
- Die taalvrae wat volg, is op die prent en paragraaf hieronder gebaseer.
- Opsetlike taalfoute kom voor.
- Voer die instruksie by elke vraag uit.

**TEKS G**



[Uit: www.comics.com]

Dit is Valentynsdag. (5.2.1) Rosie weet nie wat Dirk beplan. Dirk wil vir Rosie (5.2.2) (veras) met 'n pragtige verloofring. Om die geleentheid te (5.2.3) (vier/fier), het hy die tafel romanties gedek. Rosie kan nie haar oë (5.2.4) (glo/belowe) toe sy die ring sien nie. Sy is so lief vir (5.2.5) (ringe, armbande, oorkrabbers en hangertjies). Vir die twee verliefdes was dit 'n (5.2.6) (opwindende/opgewonde) dag.

| | | |
|---|---|---|
| 5.2.1 | Verbeter die sin. | (1) |
| 5.2.2 | Verbeter die SPELLING. | (1) |
| 5.2.3 | Kies die korrekte HOMOFOON. | (1) |
| 5.2.4 | Kies die korrekte WERKWOORD. | (1) |
| 5.2.5 | Gee EEN woord vir die woorde tussen hakies. | (1) |
| 5.2.6 | Kies die korrekte BYVOEGLIKE NAAMWOORD. | (1) |

**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 80**

**TEKS 5**

**AFDELING C: TAAL**

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

- Die taalvrae wat volg, is op die advertensie hieronder gebaseer.
- Die nommering in die advertensie verwys na die vraagnommer wat beantwoord moet word.

**TEKS D**




[Uit www.taalmonument.org.za]

3.1 DIE AFRIKAANSE TAALMUSEUM & -MONUMENT

Gee die woord wat in die plek van die koppelteken in "-MONUMENT" moet staan. (1)

3.2 Kies die antwoord wat die sin KORREK sal voltooi. Skryf net die vraagnommer (3.2) en die antwoord (A–D) neer, byvoorbeeld 3.2 E.

Die slagspreuk "kultuur, natuur, plesier" is effektief, want ...

A assonansie maak dit klankryk.
B dit pas by die prentjie in die advertensie.
C dit impliseer waaroor die vertoning handel.
D dit beklemtoon die belangrikheid van 'n moedertaal. (1)

3.3 Watter WOORD dui aan dat 20 Februarie nie net in Suid-Afrika 'n belangrike dag is nie? (1)

3.4 Gee die OORTREFFENDE TRAP van die woord tussen hakies. Skryf net die vraagnommer (3.4) en die antwoord neer.

Die (goed) produksie ooit! (1)

3.5 GRATIS!
(braai) wors en roosterkoek

3.5.1 Gee 'n SINONIEM vir GRATIS. (1)

3.5.2 Vorm 'n VERLEDE DEELWOORD van die woord tussen hakies. Skryf net die vraagnommer (3.5.2) en die antwoord neer.

(braai) wors (1)

3.6 Gee die INTENSIEWE VORM van die woorde tussen hakies. Skryf net die vraagnommer (3.6) en die antwoord neer.

Kaartjies verkoop (baie vinnig) uit. (1)

3.7 Vul die ontbrekende VOORNAAMWOORD in. Skryf net die vraagnommer (3.7) en die antwoord neer.

Is dit nie tyd dat ... jou kaartjie koop nie? (1)

3.8 Wie is die teikengroep van die opvoering *Kaleidoskoop*? (1)

3.9 Hoekom pas die gesigsuitdrukkings van die Kaleidoskoop-groep nie by die woord "plesier" in die slagspreuk nie? (1)
**[10]**


**VRAAG 4: STROKIESPRENT**

- Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprent hieronder gebaseer.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

**TEKS E**

**Mama Taxi**

RAAMPIE 1 RAAMPIE 2 RAAMPIE 3




[Woorde deur Deni Brown en sketse deur Gavin Thompson]

4.1 Hoe kan 'n mens in RAAMPIE 1 sien dat Mavis die boom hard getref het? Noem TWEE dinge. (2)

4.2 Vervang die onderstreepte woord in RAAMPIE 1, sin 1 om die konstabel se woorde formeel te maak. Skryf net die WOORD as antwoord neer.

Wat het jy gedoen? (1)

4.3 Kies die KORREKTE woord uit dié tussen hakies. Skryf net die vraagnommer (4.3) en die antwoord neer.

Uit die konstabel se woorde in RAAMPIE 1 lei ons af dat hy (manipuleer/ veralgemeen). (1)

4.4 Watter woord in RAAMPIE 2 versterk die gedagte dat die bestuurder dronk is? Skryf slegs die WOORD as antwoord neer. (1)

4.5 Skryf die sin oor in die INDIREKTE REDE.

Mavis sê: "Ek drink en bestuur nooit nie."
Begin so: Mavis sê dat ... (2)

4.6 Gee die KORREKTE Afrikaanse woord vir die skuinsgedrukte woord in RAAMPIE 3 in die sin. Skryf net die vraagnommer (4.6) en die antwoord neer.

Mavis sê: "Ek drink net in die *pub* en dan bestuur ek huis toe." (1)

4.7 Die humor in die strokiesprent lê daarin dat die konstabel en Mavis die woorde "drink en bestuur" verskillend verstaan.

4.7.1 Wat beteken Mavis se woorde "drink en bestuur" vir die konstabel? (RAAMPIE 2) (1)

4.7.2 Hoe verstaan Mavis hierdie woorde? (RAAMPIE 3) (1)
**[10]**

**VRAAG 5: ARTIKEL EN PRENT**

- Die taalvrae wat volg, is op die artikel hieronder gebaseer.
- Opsetlike taalfoute kom voor.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

**TEKS F**

(5.1) **WIL JY LEER OM BETER TE KOMMUNIKEER**

Daar is elke dag (5.2) (kommunikeer) tussen ons en 'n klomp verskillende mense. Die manier waarop ons met ander mense kommunikeer, het 'n invloed op ons menseverhoudings. (5.3) 'n Mens moet na goie raad luister oor hoe om beter te kommunikeer. (5.4) Jy verbeter so jou sosiale verhoudings met ander mense.

Dit is in die (5.5) (een) plek baie belangrik dat, as mense met mekaar kommunikeer, net een persoon op 'n (5.6) (slag) praat. Moenie begin praat terwyl iemand anders praat nie. Die mense (5.7) (wat/wie) met jou praat, dink jy luister nie.

Dit is altyd 'n gevaarlike (5.8) (pad) om te stap as jy begin praat as jy kwaad of ontsteld is. Moenie op ander mense skree of hulle doodpraat as jy kwaad is nie. (5.9) Jy moet diep asemhaal. Jy raak kalm.

(5.10) Jou lyftaal is ook baie negatief. Moenie wys jy is verveeld of haastig as iemand met jou praat nie.

(5.11) Jy moet oogkontak maak as iemand anders praat. Dit is sleg as iemand jou nie in die oë kan (5.12) (...) as hulle met jou praat nie.

Dit is swak maniere om te vloek as jy met iemand praat. As jy vloek, dra jy meer slegte inligting oor jouself oor as wat jy besef.

Dit maak nie saak of mense ouer of (5.13) (...) as jy is nie; spreek mense altyd korrek aan. Só wys jy respek.

Al die wenke kan in een wenk saamgevat word, (5.14) (naamlik) jy moet ander altyd net so behandel soos wat jy behandel wil word.

[Verwerk uit *Huisgenoot,* 28 Maart 2013]

5.1 Skryf die opskrif van die artikel oor en vul die korrekte LEESTEKEN in. Onderstreep die leesteken wat jy ingevul het.

WIL JY LEER OM BETER TE KOMMUNIKEER (1)

5.2 Gee 'n SELFSTANDIGE NAAMWOORD vir die werkwoord tussen hakies. Skryf net die vraagnommer (5.2) en die antwoord neer.

Daar is elke dag (kommunikeer) tussen ons en 'n klomp verskillende mense. (1)

5.3 Verbeter die SPELFOUT in die volgende sin. Skryf net die vraagnommer (5.3) en die antwoord neer.

'n Mens moet na goie raad luister oor hoe om beter te kommunikeer. (1)

5.4 Verander die STELSIN na 'n BEVELSIN.

Jy verbeter so jou sosiale verhoudings met ander mense. (1)

5.5 Gee die KORREKTE VORM van die rangtelwoord tussen hakies. Skryf net die vraagnommer (5.5) en die antwoord neer.

Dit is in die (een) plek baie belangrik dat, as mense met mekaar kommunikeer, net een persoon op 'n slag praat. (1)

5.6 Gebruik die HOMONIEM van **slag** in 'n sin sodat die betekenis duidelik blyk. (1)

5.7 Kies die korrekte BETREKLIKE VOORNAAMWOORD uit dié tussen hakies. Skryf net die vraagnommer (5.7) en die antwoord neer.

Die mense (wat/wie) met jou praat, dink jy luister nie. (1)

5.8 Gee die VERKLEINWOORD van die vetgedrukte woord. Skryf net die vraagnommer (5.8) en die antwoord neer.

Dit is altyd 'n gevaarlike **pad** om te stap. (1)

5.9 Verbind die sinne met die VOEGWOORD tussen hakies.

Jy moet diep asemhaal. Jy raak kalm. (sodat)
Begin die sin só: Jy moet ... (1)

5.10 Skryf die sin oor in die TOEKOMENDE TYD.

Jou lyftaal is ook baie negatief. (1)

5.11 Skryf die sin oor in die INFINITIEF.

Jy moet oogkontak maak as iemand anders praat.
Begin die sin só: Jy behoort ... (1)

5.12 Voltooi die VASTE UITDRUKKING met die korrekte werkwoord. Skryf net die vraagnommer (5.12) en die antwoord neer.

Dit is sleg as iemand jou nie in die oë kan (...) as hulle met jou praat nie. (1)

5.13 Gee 'n ANTONIEM vir die vetgedrukte woord. Skryf net die vraagnommer (5.13) en die antwoord neer.

Dit maak nie saak of mense **ouer** of (...) as jy is nie; spreek mense altyd korrek aan. (1)

5.14 Gee die AFKORTING vir die vetgedrukte woord. Skryf net die vraagnommer (5.14) en die afkorting neer.

Al die wenke kan in een wenk saamgevat word, **naamlik** jy moet altyd ander behandel net soos wat jy behandel wil word. (1)

5.15 Bestudeer die prent met aandag en beantwoord die vrae. Skryf net die vraagnommer (5.15.1–5.15.6) en die antwoord neer.

**TEKS G**



[Uit gallery.yopriceville.com]

Liewe Dagboek

My (5.15.1) (skool + loopbaan) is nou amptelik verby. Ek kan nie (5.15.2) (glo/belowe) dat ek nooit weer my skooltas gaan gebruik nie. My gunstelingvak was Geografie en daarom het my pa vir my hierdie (5.15.3) (aardbol/atlas), wat op die bedkassie staan, gegee. Dit laat my altyd (5.15.4) (...) my liefde vir hierdie vak dink. (5.15.5) My onderwyser het my altyd gemotiveer. Daarom wil ek 'n (5.15.6) (graat/graad) met Geografie as hoofvak verwerf.

5.15.1 Vorm 'n SAMESTELLING met die woorde tussen hakies.

My (skool + loopbaan) is nou amptelik verby. (1)

5.15.2 Kies die korrekte WOORD tussen hakies.

Ek kan nie (glo/belowe) dat ek nooit weer my skooltas gaan gebruik nie. (1)

5.15.3 Kies die korrekte WOORD tussen hakies.

My gunstelingvak was Geografie en daarom het my pa vir my hierdie (aardbol/atlas), wat op die bedkassie staan, gegee. (1)

5.15.4 Vul die korrekte VOORSETSEL in.

Dit laat my altyd (...) my liefde vir hierdie vak dink. (1)

5.15.5 Skryf die ONDERWERP van die sin neer.

My onderwyser het my altyd gemotiveer. (1)

5.15.6 Kies die korrekte HOMOFOON van die woord uit dié tussen hakies.

Daarom wil ek 'n (graat/graad) met Geografie as hoofvak verwerf. (1)
**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 80**

## TEKS 6

**AFDELING C: TAAL**

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

Die vrae wat volg, is op die advertensie hieronder gebaseer.




[Aangepas: *Huisgenoot* 28 Januarie 2014, bl. 95]

3.1 Voltooi die sin:

Die advertensie is 'n voorbeeld van 'n manipulerende teks. Dit manipuleer die leser om ... (1)

3.2 Wie is die teikenmark van die advertensie? (1)

3.3 Hoekom word die eerstepersoon-aanspreekvorm, ***4me***, deurgaans in die advertensie gebruik? (1)

3.4 Wat is die slagspreuk van die advertensie? (1)

3.5 Hoekom word die Engelse woorde ***4me, 4saving, 4growing*** en ***4good*** in die advertensie gebruik? (1)

3.6 Hoekom, dink jy, gebruik die adverteerder die byvoeglike naamwoord, ***fantastiese***, in die sin ***En met 'n fantastiese rentekoers daarby***?

3.7 Hoekom gebruik die adverteerder die ellips en drie uitroeptekens na die woorde: ***Dis hoe maklik dit is ...!!!***? (1)

3.8 Hoekom word die woorde ***Nedbank4me***, ***slim*** en ***ekstra*** in vetgedrukte letters gedruk? (1)

3.9 Dink jy, ***Laat die pret begin***, is 'n goeie woordkeuse vir die advertensie?

Motiveer jou antwoord. (1)

3.10 Waarna verwys *pitte* in die volgende sin: *Sê hallo vir die* <u>*pitte*</u>*!* (1)

**[10]**

**VRAAG 4: STROKIE**

Die vrae wat volg, is op die strokies hieronder gebaseer.


(1)





(2)




(3)




(4)




[Aangepas uit: Google images]

4.1 Vergelyk strokies 1 en 4.

Neelsie het 0% vir wiskunde behaal, maar hy wil navorsing oor **vakansie** doen. Wat suggereer hierdie feit(e) oor Neelsie se houding teenoor sy werk? (1)

4.2 Hoekom, dink jy, het Neelsie vir sy pa gesê dat hy goeie nuus het (strokie 1, raampie 1) voordat hy sy punte (0%) vir hom gesê het? (strokie 1, raampie 3) (1)

4.3 Hoe weet ons dat Meneer skree? (Strokie 2, raampie 2) (1)

4.4 Hoe weet jy dat Meneer weghardloop? (Strokie 3, raampie 3) (1)

4.5 Wat beteken Neelsie se woorde: ***Ja Meneer, ek is nou***? (Strokie 2, raampie 3) (1)

4.6 ***IS JY DOOF?*** (Strokie 2, raampie 2)

4.6.1 Is bogenoemde stelling konnotatief of denotatief gebruik? (1)

4.6.2 Gee 'n rede vir jou antwoord in VRAAG 4.6.1. (1)

4.7 Wat beteken die volgende idioom?

*Hy is horende doof.* (verwys na strokie 2)

A Hy kan nie hoor nie.
B Hy wil niks hoor nie.
C Hy kan nie verstaan wat hy hoor nie.
D Hy kan nie glo wat hy hoor nie. (1)

4.8 Kyk na Neelsie se **gesigsuitdrukking** (strokie 4, raampie 3). Hoe weet ons dat hy geïnteresseerd is om navorsing oor vakansie te doen? (1)

4.9 Hoekom word daar 'n uitroepteken na Neelsie se woorde in strokie 3, raampie 3 gebruik en nie na die woorde van skoolkind A en B nie in raampies 1 en 2 nie? (1)

**[10]**

**VRAAG 5: PROSA**

Die vrae wat volg, is op die prosastuk hieronder gebaseer.

**'N SJIMP WAT ROOK? WAT 'N AAP!**

1. Ou Charlie van Bloemfontein hou daarvan om rustig in die winterson te sit en rook.



2. Hy rook wanneer hy alleen is en 'n kans kry, anders kry hy raas.

3. Maar hy rook, al moet hy dit (eerlik) doen.

4. Rook is 'n slegte gewoonte, maar vir 'n sjimpansee nog (sleg).

5. Charlie se maat was Annie. "Ja, sy het gerook", sê Kobus, die natuurbewaarder by die (dier+tuin).

6. Hy sê verder: "Charlie sal nooit 'n sigaret optel wanneer ek naby is nie."

7. "Ons gaan 'n kringtelevisiekamera in die hokke sit. Ons kan hulle dan 24 uur 'n dag dophou."

8. Wanneer Charlie vir 'n sigaret vra, steek hy sy hand uit en klap op sy bo-arm. Hy wys dan na sy mond en maak geluide met sy lippe.

9. Charlie, wat nou14 jaar oud is, word amper (elke dag) uitgevang.

10. Dan sit hy soos 'n stout kind en maak asof hy nog nooit gerook het nie.

[Aangepas uit: *Afrikaans EAT*, Bateleur Boeke, 2007 uitgawe, bl. 219]

5.1 Herskryf die volgende sin deur die korrekte INFINITIEF te gebruik.

Ou Charlie rook.

Begin so: Ou Charlie behoort nie ... (1)

5.2 Herskryf die volgende sin in die VERLEDE TYD.

Hy kry raas wanneer hy rook. (2)

5.3 Gee die TEENOORGESTELDE betekenis (antoniem) van die woord tussen hakies. Skryf slegs die woord as jou antwoord neer.

Maar hy rook, al moet hy dit (eerlik) doen. (1)

5.4 Gee die VERGROTENDE TRAP van die woord tussen hakies. Skryf slegs die woord as jou antwoord neer.

Om te rook is 'n slegte gewoonte, maar vir 'n sjimpansee nog (sleg). (1)

5.5 5.5.1 Herskryf die volgende sin in die ONTKENNENDE VORM.

Ja, sy het gerook. (1)

5.5.2 VERBIND die woord in hakies. Skryf slegs die korrekte antwoord neer.

Kobus is die natuurbewaarder by die (dier+tuin) in Bloemfontein. (1)

5.6 Skryf die volgende sin in die LYDENDE VORM oor.

Charlie sal nooit 'n sigaret optel nie. (1)

5.7 5.7.1 Verbind die volgende sinne met die VOEGWOORD **sodat**.

Ons gaan 'n kringtelevisiekamera in die hokke sit. Ons kan hulle 24 uur 'n dag dophou. (1)

5.7.2 Skryf die getal **14** in woorde uit. (1)

5.7.3 Skryf die volgende sin in die INDIREKTE REDE oor.

Hy sê: "Ons gaan 'n kringtelevisiekamera in die hokke sit." (2)

5.8 Skryf die volgende sin in die TOEKOMENDE TYD oor.

Hy steek sy hand uit en klap op sy bo-arm. (1)

5.9 Gee EEN woord vir die woorde tussen hakies. Skryf slegs die woord as jou antwoord neer.

Charlie word (elke dag) uitgevang. (1)

**[14]**

**VRAAG 6: PRENT**

Die vrae wat volg, is op die prent hieronder gebaseer.




[Uit: *Afrikaans is lekker*, LB. Gr 12. 2007]

Gebruik die woorde in die lys hieronder om sinne 6.1–6.6 korrek te voltooi.

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| blitsvinnig | vlieg | waentjie | trollie | kasregister | verkoopsman |
| klant | handsak | wallet | kruideniersware | voorskoot | oorjas |

6.1 Die ma haal geld uit haar ... (1)

6.2 Die ma betaal vir haar ... (1)

6.3 Die ma hardloop ... uit die winkel. (1)

6.4 Die ma stoot 'n ... met haar aankope in. (1)

6.5 Die man agter die toonbank sit die geld in die ... (1)

6.6 Die man agter die toonbank het 'n ... aan. (1)
**[6]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 80**


## TEKS 7

AFDELING C: TAAL

VRAAG 3: ADVERTENSIE

TEKS D

Die taalvrae wat volg, is op die advertensie hieronder gebaseer.



3.1 Hoekom word **"Live Band"** en **"Jansenville Got Talent"** in aanhalingstekens geskryf? (1)

3.2 Wie bied die Donkey Derby aan? (1)

3.3 Hoekom is die gebruik van die alliterasie in die woorde Drostdy Donkie-Derby so effektief? (1)

3.4 Haal EEN woord uit die teks aan wat verafrikaans is. (1)

3.5 Skryf die AFKORTING in woorde: (1)

2 **nm**: Donkieritte.

3.6 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer (3.6) en die korrekte letter neer bv. 3.6 E.

Die uitdrukking **"reg van toegang voorbehou"** beteken:

A Jy het die reg om binne te gaan.
B Die reg om binne te gaan kan geweier word.
C Jy het nie die reg om binne te gaan nie.
D Die reg om binne te gaan kan nie geweier word nie. (1)

3.7 Watter ouderdomsgroep sal na die tienerdans gaan? (1)

3.8 Voltooi die sin met die korrekte BESITLIKE VOORNAAMWOORD: (1)

Elke ma kan ... eie baba met 'n geruste hart by die babawagters los.

3.9 Waarom is die prentjies / grafika wat gebruik word funksioneel? Gee TWEE moontlike redes. (2)

**[10]**

**AFDELING C: TAAL**

**VRAAG 4: STROKIESPRENT**

**TEKS E**

- Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprent hieronder gebaseer.




4.1 Voltooi die sin met 'n gepaste woord: (1)

**"bla ... bla ... bla"** word in die plek van ... gebruik.

4.2 Wat is die funksie van die ellips in die strokiesprent? (1)

4.3 4.3.1 Gee 'n ANTONIEM vir die woord **lui** binne konteks van die strokiesprent. (1)

4.3.2 Gebruik die HOMONIEM vir **lui** in 'n volsin. (1)

4.4 Hoe weet ons as ons na die pa kyk dat hy met sy seun baklei? (1)

4.5 Op watter manier word die pa se woorde beklemtoon? (1)

4.6 Hoe weet ons dat die seun nie na sy pa luister nie? (1)

4.7 Voltooi die volgende sin met 'n goeie verduideliking:

**"Jou kamer is 'n varkhok"** beteken dat ... (1)

4.8 Hoe weet jy dat die pa sy hand op en af beweeg? (1)

4.9 Sê hoekom die volgende stelling WAAR is:

**Die seun stel nie belang in sy skoolwerk nie.** (1)

**[10]**

## VRAAG 5: ARTIKEL EN PRENT

### TEKS F

- Die taalvrae wat volg, is op die artikel hieronder gebaseer.
- Opsetlike taal- en spelfoute kom voor.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

**Simba**




Simba-skyfies is Suid-Afrika se gunsteling happie. Hulle is deel van die lewe – oral waar mense pret het en hulself geniet – daar kry jy vir Simba!

Die eerste Simba-skyfies is in 1956 vervaardig. In elke pakkie skyfies was 'n klein sakkie sout wat jy moes oopskeur en oor jou skyfies moes sprinkel. Die maatskappy is deur Leon Greyvenstein begin. Sy naam is afkomstig van die Griekse woord "leeu" en hy wou sy naam op 'n manier deel maak van sy produk. As 'n egte (Suid-Afrika) het hy toe besluit om die Swahili woord vir leeu te gebruik. Leon sê: "So het ek Simba in 1956 sy naam gegee." En daarmee saam het "Local is lekker" ook sommer ontstaan.

Omdat elke skyfie brrrrul van smaak, wil elke (aartappel / aartapel) in ons land graag 'n Simba "chippie" wees! Simba-skyfies waarborg dat pret, smaak en goeie tye altyd sal volg as iemand 'n pakkie oopmaak.

Komaan, maak 'n pakkie oop en geniet Suid-Afrika se gunsteling happie! Simba -skyfies is vir almal! Van oupa tot kleinseun, gogo tot kleindogter en almal tussenin!

5.1 Skryf die volgende sin oor in die BEDRYWENDE VORM. (1)

Die maatskappy is deur Leon Greyvenstein begin.

5.2 Verbind die volgende twee sinne maar begin met die VOEGWOORD **omdat.**

Simba-skyfies is Suid-Afrika se gunsteling happie.
Hulle is deel van die lewe.

Begin so: Omdat hulle ... (1)

5.3 Skryf die HOOFWERKWOOD van die sin neer. Skryf slegs die vraagnommer (5.3) en die antwoord neer.

Die eerste Simba-skyfies het in 1956 die lig gesien. (1)

5.4 Skryf die INTENSIEWE VORM van die onderstreepte woord. Skryf slegs die vraagnommer (5.4) en die antwoord neer.

In elke pakkie skyfies was 'n **klein** sakkie sout. (1)

5.5 Herskryf die volgende sin in die TOEKOMENDE TYD.

Die maatskappy is deur Leon Greyvenstein begin. (1)

5.6 Vorm 'n PERSOONSNAAM vir die woord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (5.6) en die antwoord neer.

As 'n egte (Suid-Afrika) het hy toe besluit om die Swahili woord vir leeu te gebruik. (1)

5.7 Herskryf die volgende sin in die INDIREKTE REDE.

Leon sê: "Ek het Simba in 1956 sy naam gegee."

Begin so: Leon sê dat ... (1)

5.8 Formuleer 'n VRAAG met die onderstreepte deel as die antwoord.

**"Local is lekker"** het ontstaan. (1)

5.9 Gee die korrekte AFRIKAANSE SPELLING vir die woord **chip** in die volgende sin. Skryf slegs die vraagnommer (5.9) en die antwoord neer.

Almal wil 'n Simba **chip** wees. (1)

5.10 Kies die KORREKTE SPELLING van die woorde tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (5.10) en die antwoord neer.

Elke (**aartappel / aartapel)** in ons land wil graag 'n Simba "chippie" wees. (1)

5.11 Skryf die AFKORTING van die vetgedrukte woord neer. Skryf slegs die vraagnommer (5.11) en die antwoord neer.

Die maatskappy is deur mnr Leon Greyvenstein, **direkteur** van Simba begin. (1)

5.12 Gee die VERKLEINWOORD van die onderstreepte woord. Skryf slegs die vraagnommer (5.12) en die antwoord neer.

Simba skyfies waarborg dat 'n goeie **tyd** sal volg. (1)

5.13 Skryf die volgende sin oor in die INFINITIEF.

Simba-skyfies is vir almal. (1)

Begin so: Simba-skyfies behoort ...

5.14 Skryf die volgende sin in die ONTKENNENDE VORM.

Almal hou van Simba-skyfies. (1)

**TEKS G**

- Die taalvrae wat volg, is op die artikel hieronder gebaseer.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.



Kies die korrekte woorde tussen hakies. Skryf SLEGS die vraagnommer en die korrekte antwoord neer.

Die dogtertjie, Mpho, is baie siek in die hospitaal. Sy het haar been gebreek. In die hoek van die kamer staan 'n 5.15 (kruk / kurk). Die dokter praat met die 5.16 (suster / sister). Mpho gaan 'n (drip / drup) in haar arm kry. Sy het 'n 5.17 (teddiebeer / teddy beer) in haar arm. Die dokter glimlag 5.18 (vir / met) haar en sê dat sy gou gesond sal word. Hy vra haar ook wat met haar gebeur het. (1) (1) (1) (1)

5.19 Vorm 'n TEENWOORDIGE DEELWOORD van die woord tussen hakies. Skryf slegs die woord as antwoord neer.

Die (**speel**) Mpho het in die straat gehardloop toe sy oor 'n klip geval het. (1)

5.20 Gee EEN WOORD vir die woorde tussen hakies.

Mpho se (**ma, pa en boetie**) gaan by haar kom kuier. (1)
**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 80**